



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 23 no 08
Augustus 2014

Klere maak die man/vrou.....	2
Kerknuus: Nederland..	4
'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing....	5
Aandag vir die persoon van die ampsdaer	8
Vind jou vreugde in stilwees voor God.....	9
Nagmaal	14
Geloof en wetenskap	16
Psalms uit die argiewe.....	18
Nelson Mandela 1918-2013	19
Art 8 NGB	23

Ragel treur (Matt 2:18)

Onlangs het daar 'n boek oor plaasmoorde verskyn met die titel: *Treurgrond*. Dit bevat 'n rekord van 1 600 plaasmoorde wat oor die tydperk 1990 tot 2012 plaasgevind het. Hierdie tragedie laat my terugdink aan die Tweede Vryheidsoorlog (Boereoorlog), toe die verskroeiende-aarde-beleid van die Britse ryk daartoe gelei het dat 'n deel van die Suid-Afrikaanse platteland totaal ontvolk is. Honderde plase is afgebrand, terwyl die mans op kommando was of verban na vergeleë eilande. Plase wat hoofsaaklik deur vrouens en kinders bewoon is. Verneder deur soldate is hulle verdryf van hul grondgebied, terwyl die 'fakkel van die Britse beskawing' in strooidakke gesteek is. Die eertydse trotse plaaswonings verander in smeulende puin. In die vier jaar van 1899 tot 1902 het 22 000 kinders en meer as 4 000 vroue in konsentrasiekampe gesterf.

In Augustus word Nasionale Vrouedag gevier. Die susters van die Vrye Gereformeerde Kerke in Gauteng hoop om op hierdie dag 'n saamtrek te hou wat in Soshanguve sal plaasvind. Tema: *Wanneer ek angstig en ontmoedig is*. Vrouedag gedenk 'n optog deur vroue in 1956 om protes aan te teken teen wetgewing om Afrikane te verplig om 'n pas te dra. Dit is sekerlik ook gepas om by hierdie geleentheid hulde te bring aan Emily Hobhouse, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog die haglike omstandighede in die Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe aan die lig gebring het.

Terwyl ek dit skryf, hoor ons die berig van 'n vliegramp bo die Oekraïne, wat lei tot die dood van 298 passasiers waarvan 193 Nederlanders. Getref deur 'n vyandige missiel. In 'n gebied met 'n geskiedenis wat ook betekenis het vir Vrouedag. Die Krim-oorlog het daar plaasgevind in die tweede helfte van die negentiende eeu. Onthou u nog die naam van Florence Nightingale? Sy het 'n groot bydrae gemaak tot die moderne verpleegkunde. Sy het veral bekendheid verwerf vir haar onbaatsugtige werk as 'vrou met die lamp' tydens die Krim-oorlog.

In 'n vorige uitgawe het 'n artikel verskyn oor die treurspel van miljoene Suid-Afrikaanse vroue wat vrou-alleen 'n gesin moet grootmaak. 'n Generasie kinders wat grootword waar die vaderfiguur afwesig is. Dit spreek vanself dat daar 'n onmenslike las op sodanige werkende moeders geplaas word. Vroue wat dan ook nog moet meeding in die moderne werksomgewing om hulself te bewys en bo uit te kom. Ongeag die omstandighede moet sy haar plek volstaan, op elke terrein van die samelewing. Selfs tot in die kerklike bastion: met moeders op die preekstoel en moeders in die konsistorie. En op die oog af lyk dit ook normaal. Sy vra vir erkenning, en moet dit ook kry.

Ons lewe in 'n tyd waar daar al hoe meer druk op moeders geplaas word. Hoe ver kan 'n mens gaan? Dit lyk alles so gewoon. Maar dalk moet ons weer 'n slag gaan dink. Het ons hier nie te doen met 'n lugbel wat eendag gaan bars nie? Met katastrofale gevolge? Laat ons daarvoor nadink as ons op

9 Augustus 2014 Vrouedag vier. Ons wil tog geen moeders hê wat treur sonder dat hulle getroos word nie?

Douwe Drijfhout, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Klere maak die man/vrou

Kolossense 3:9,10, 12-15

Uit die Bybel

Laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers.



Christene is mense wat in Jesus Christus 'n nuwe lewe mog begin. Maar dan behoort ons mos ook nuwe klere daarby te dra? Ons mog ons 'ou mens' met sy leefwyse aflê (Kol 3:9). In die plek daarvan moet daar natuurlik nou 'n ander uitrusting kom.

Mense wat deur God se verkiesing sy *geliefdes*, *heiliges* geword het, word deur Hom nou ook opgeroep om nie in die toings van 'n lewe waarin God geen plek het, te bly rondloop nie (*hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes, gierigheid, en ook: toorn, woede, boosheid, laster, skandelijke taal, vir mekaar lieg...* vs 5-9). Daar moet nou 'n skoon en suiwer lewe vir God kom. Maar ook 'n lewe *na mekaar toe*, waarin die liefde wat ons self van God ontvang, afstraal op ander mense.

Waar kry ons dit?

Wel, ons mag die kas oopmaak waarin God Self nuwe klere vir ons gereed gelê en gehang het. Hier in Kolossense 3 haal die Heilige Gees so te sê die kledingstukke die een na die ander uit die kas om dit vir ons te wys. En ons mag dit aantrek.

Die Heilige Gees gee ons nuwe klere wat ons mag aantrek.

Dit begin met *innerlike ontferming* – dit is meer as professionele hulpverlening. Meer as net 'n praktiese handreiking aan iemand wat in moeite is. Dit kom van binne-uit. Uit 'n emosionele betrokkenheid. En dit is ook nog daar as die ander een soms bra lastig of pront-uit onaangenaam kan wees; of as dit iemand is wat jou dalk in die verlede nogal teleurgestel en seergemaak het. Christus se Gees leer ons om juis ook bewoë te wees met die mense met wie ons nie so gou maats sal wees nie, maar wat God wel op ons pad geplaas het.

Soos die HERE Self met ons, wat ook nie engeltjies is nie, diep bewoë is.

Die volgende kledingstuk, *goedertierenheid*, lê in daardie selfde lyn. Hoe ongeskik en onbeskof ander mense ook al teenoor my kan wees, ek sal geen kwaad vir kwaad vergeld nie. Ek sal teenoor die kwaad die goeie plaas. Ek bly trou ook as die ander een ontrou is.

Ek sal teenoor die kwaad die goeie plaas.

Om so te doen, kan 'n mens alleen as jy jou ook met *nederigheid* beklee het. As 'n mens jouself baie belangrik ag, is jy ook baie gou seergemaak wanneer iemand jou sleg behandel. Maar as jy jouself klein weet teenoor die groot God, 'n sondaar wat daagliks weer vergewing benodig, kan jy ook heelwat van 'n mede-sondaar verdra. Is jy regtig soveel beter as hom of as haar?

By *nederigheid* pas *sagmoedigheid* mooi: jy veg in hierdie wêreld nie permanent vir jou eie eer en jou eie regte nie, maar jy kan in jou lewe dinge ook maar by die HERE los. Jy buig jou kop onder die onreg wat jou aangedoen word, jy is bereid om die minste te wees. God sal eendag wel laat blyk wie reg was en wie verkeerd (Ps 37).

Dit beteken dus glad nie dat jy 'n 'sissie' moet wees nie. 'n Mens moet juis baie sterk wees om op so 'n manier sagmoedig te kan wees!

'n Mens moet sterk wees om sagmoedig te kan wees!

Wel, so 'n houding bring vanself ook *lankmoedigheid*, *geduld* mee, die volgende kledingstukke wat die Heilige Gees uithaal. Ook in die kerk gaan dinge nie altyd soos dit behoort te wees nie, mense gedra hulle nie altyd soos ek graag wou gehad het nie. Spring ek dan dadelik op? Nee, as ek besef hoeveel geduld God met ons het, sal ek eers tot tien tel. En as dit moet, dalk ook tot honderd.

Dan *verdra* ons mekaar, met al daardie onaangename karaktertrekke en onhebbelike eienskappe, en dan *vergeef* ons mekaar as iemand ons seer-gemaak het.

Om te vergewe – in die Bybel beteken dit: jy haal dit uit. Jy ruim dit saam op. Dis dus 'n perd van 'n heel ander kleur as om dit wat verkeerd gedoen is, maar in die doofpot te stop en maar nie meer daaroor te praat nie. Dit kry ons egter alleen reg as altwee partye bereid is om te versoen. Maar daarom skryf Paulus ook in Kolossense 3: *Vergeef mekaar...* . Wees altwee vergewingsbereid. En dan sal dit die een keer van die een kant en 'n volgende keer van die ander kant moet kom – maar moet net nie aanvaar dat sondes tussen julle bly bestaan nie. So het die HERE dit met ons mos ook nie gedoen nie?

Aanvaar nie dat daar sondes tussen julle bly bestaan nie.

Dit is die kledingstukke wat die Heilige Gees vir Christus se gemeente uit die kas laat uithaal, nou dat ons God se uitverkore heiliges en geliefdes mag wees. En Hy gee ook nog 'n 'n gordel daarby wat daarvoor moet sorg dat al hierdie kledingstukke netjies op hul plek bly. Wat dit tot 'n volmaakte geheel maak. Sodat ons nuwe stel klere presies pas: *En beklee julle by dit alles met die liefde, wat die band, die gordel van die volmaaktheid is.* Dit hang

uiteindelik alles af van die liefde vir mekaar. Liefde wat nie sy eie belang soek nie (1 Kor 13:5), waardeur ek nie myself in die middelpunt stel nie, maar die ander se belange soek. Dit maak die lewe in Christus se gemeente mooi.

Dit help om ook die éénheid van die gemeente en die harmonie in die gemeente voor oë te hou, *die vrede van God*, soos dit in vers 15 genoem word. (Daar is verskeie handskrifte wat hier lees: *die vrede van Christus*).

Hierdie vrede moet *in ons harte regeer*. Eintlik staan hier 'n baie mooi metafoor: hierdie vrede moet in ons harte die skeidsregter wees. Daar kan in ons hart gereeld teenstrydige gevoelens optree: "n Mens hoef mos ook nie alles te vat nie!" "Ja, maar wag 'n bietjie, as ek ook dit laat gebeur, wanneer gaan dit dan endkry?" Laat dan die vrede van Christus, wat mos daarop gerig is dat ons as lidmate van sy gemeente nie almal in verskillende rigtings uitmekaar gaan nie, en dat ons nog minder almal teenoor mekaar te staan kom, die skeidsregter wees.

Laat die vrede van Christus die skeidsregter wees.

So lyk 'n gemeente wat van God se liefde leef. So 'n gemeente is herkenbaar aan hierdie mooi uitruiting. Selfs totaal ongelowige mense sien dit raak. Al verstaan hulle ook niks van die 'kas' waaruit ons dit alles uithaal nie.

En nou verstaan u seker: 'n Skrifgedeelte soos hierdie fungeer soos 'n spieël vir ons. Is dit die klere wat ons as gemeente dra? En as lidmate een vir een? Kan ander mense aan ons sien dat ons van God se liefde leef? Kan God dit aan ons sien? Kan ons dit aan mekaar sien? Kan die wêreld dit aan ons sien?

Maar moet dan nie die spieël effens skeef hou nie, sodat jy nie self in beeld kom nie, maar jy via hierdie teks ekstra krities na ander mense kan kyk! Elkeen moet na hom- of haarself kyk. Hoe belangrik is my eie standpunte, my siening, vir my? Hoe oordeel ek oor die wat 'n ander siening en benadering as ek het? Hoe praat ek met ander oor hulle? Praat ek wel ooit liefdevol met daardie broers en susters sêlf wat 'n andere mening as ek het? Het ek al ooit 'n keer moeite gedoen om na hulle te luister, al ooit nagedink oor hulle motiewe en argumente? Is ek wel voldoende bereid om my eie standpunt te ver-ruil vir 'n beter een? Of om die vervulling van my ideale ondergeskik te maak aan die eenheid van die

gemeente? Het ek genoeg geduld betrag, verdraagsaamheid...?

Klere maak die gemeente.

Kom ons kyk almal eerlik in die spieël. En as daar aan jou klere die een en ander ontbreek: haal al

daardie mooi kledingstukke uit die kas. Om daarmee – nee, nie net jouself nie – maar om God se gemeente al hoe mooier te maak. Klere maak die man. En die vrou. Maar veral: die gemeente.

Ds Ferdinand Bijzet, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

Kerknuus: Nederland

Die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt)

Kerknuus



Die vorige kerknuus oor die algemene sinode van die Gereformeerde Kerk

(vrijgemaakt) het oor die vergadering van 10 Mei tot 5 Junie 2014 gehandel. Hierdie verslag handel oor die laaste vergaderings van die sinode 2014.

Benoeming nuwe dosente



Die sinode het twee nuwe dosente aan die Teologiese Universiteit benoem.

Dr. S. Paas is benoem tot hoogleraar in Missiologie. Hy volg dr. C.J. Haak op wat op 1 Desember 2013 met emeritaat gegaan het. In sy taakoms krywing lê die nadruk op die missionêre roeping van die kerk in vandag se multikulturele en multireligieuse samelewing.

Dr. J.H.F. Schaeffer is benoem as universitêre hoofdosent Praktiese Teologie. Hy volg dr. C.J. de Ruijter op, wat op 1 September 2014 met emeritaat hoop te gaan. Sy taak is die onderwys in praktiese teologie, met as vernaamste onderdele gemeente-opbou en

eklesiologie (dit is 'n versamelnaam vir die teologiese nadenke oor die begrip 'kerk').



Die Nederlands Gereformeerde Kerk

Die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) is al geruime tyd in gesprek met die Nederlands

Gereformeerde Kerk. Die Nederlands Gereformeerde Kerk het op 1 Maart 2014 aan die sinode van Ede 2014 gevra om vanaf 31 Oktober 2016 in 'n staat van hereniging te wees. Die sinode het hierdie versoek aanvaar. (Dis 'n kontradiksie, omdat die Nederlands Gereformeerde Kerk ampte vir die vrou oopgestel het.) Die gesprek met die Nederlands Gereformeerde Kerk het nou verander na 'n doelgerigte samespreking om tot 'n staat van hereniging te kom.

Sinode 2017

Die sinode Ede 2014 het tot 'n einde gekom. Daar sal nog een keer in Januarie 2015 vergader word. Hulle sal dan oor die jongste ontwikkelings by die Teologiese Universiteit Kampen vergader. Ons sal later verder daarvoor berig.

Die roepende kerk vir die sinode 2017 is ook aangewys. Dit sal die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) Meppel wees.

Ons dank die Here vir sy leiding wat Hy deur sy Heilige Gees gegee het aan al die afgevaardigdes wat betrokke was by die sinode. Ons bid die kerke en die

deputaatskappe die seën van die Here toe, dat hulle sterk mag staan in die geloof en getrou sal bly aan sy Woord.

Wanneer u nog weer uitgebreid al die inligting oor die sinode Ede 2014 wil lees, kan u gaan kyk op die volgende webwerf: www.synode.gkv.nl

Heleen Snijder, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Gastewoonstel – La Cotte Inn

Bellville-omgewing, Goed geleë

Slaapplek vir 2/3 persone

Rolstoelvriendelik

Alle geriewe, naby winkelsentrums,
hoofpaaie en die Kaapse strande.

Kontak: Jan/Ina van Alten

Tel: 021 919 1597 Sel: 073 265 2440

E-pos: magdalenava@mweb.co.za

‘n Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Gesin en opvoeding



In ‘n voorafgaande artikel (*Kompas* Februarie 2014) is uitgewys hoedat God se gesaghebende Woord die doel, inhoud, metode en uitkoms van Christelike opvoeding en onderwys bepaal. In hierdie artikel wil ons fokus op hoe die Bybel die fondament van ons lewens- en wêreldbeskouing is en watter invloed dit op die opvoedingsgebeure het.

Wanneer ons besin oor hoe die Christen die lewe en wêreld rondom hom sien, behoort ons by God self te begin. Hy is immers die oorsprong van alles wat bestaan en die rede waarom dinge steeds voortbestaan.

Godsbeskouing

God openbaar Homself in die Woord en meer besonder in sy Seun, Jesus Christus. Wanneer ons alles wat die Skrif ons aangaande God leer, moet lys, sal ons dit nooit kan voltooi nie. Soos God oneindig, almagtig, volkome wys, ensovoorts, is, so is God se eienskappe ook onbeskryflik en nimmereindigend. Tog wil ons enkeles noem om daarmee aan te toon hoe dit wat ons van God bely, ‘n invloed het op dit wat ons met ons kinders doen en vir ons kinders leer. Ons glo en bely dat God die *Skepper* is en om dié rede beskou ons elke kind as sy unieke skepsel. Elke kind wat aan ons sorg toevertrou word (tuis en by die

skool), is met sorg deur die Skepper geformeer. Alle mense is na die beeld van God geskape en is daarom verantwoordelik voor God om as onderkonings te heers. Mense verskil van diere wat volgens hulle soorte in die lewe geroep is.

Ons beskou elke kind as God se unieke skepsel.

Daarom is die kinders wat in jou gesin gebore word of voor jou in die klas sit, nie toevallige produkte van hul ouers se seksuele omgang nie. Nee, elkeen is met unieke eienskappe en ‘n spesifieke doel geskape en is God se kosbare besit. Hulle is nie geëvolueerde diere wat steeds moet verbeter nie; hulle moet geleer word om hul lewe in diens van God en die naaste te stel.

God laat Homself ook ken as die almagtige *Koning* wat tegelyk die *Eienaar* van die ganse kosmos is. Dit beteken dat ouers, onderwysers en kinders hulle aan Hom moet onderwerp. Ouers en onderwysers is egter geroepe om God se outoriteit te verteenwoordig. Hulle dien self die Here met hul hele hart en moet van kinders gehoorsaamheid eis, omdat God sy gesag aan hulle oorgedra het.

Gesagsdraers moet die kinders daarop wys dat die lewe en alles hier op aarde ‘n kosbare geskenk van die Gewer in die hemel is.

Gesagsdraers moet daarom die kinders daarop wys dat die lewe en alles hier op aarde ‘n kosbare

geskenk van die Gewer in die hemel is en dat ons verantwoordelik met God se eiendom moet omgaan. Dit geld nie slegs vir ons eie gees en liggaam nie, maar ook vir dié van ander en ook vir die ganse kosmos waarin God ons geplaas het.

In Exodus 20, wat weekliks aan ons voorgelees word, openbaar God Homself as 'n *jaloerse God*. God duld geen ander gode, godsdienste of vertrouelinge naas of in die plek van Homself nie. As Verbondsgod eis hy volkome liefde en vertroue van sy kinders soos dit in die huwelik die geval is. Hy eis ons hele hart vir Homself op.

God eis volkome liefde en vertroue van sy kinders.

Ouers en onderwysers in Christelike skole behoort daarom ook die kinders se harte aanhoudend op God te rig. Kinders moet geleer word om op God alleen te vertrou. Deur voortdurende leiding en inskerping moet kinders as't ware geïndoktrineer word om van hulself af te sien en alles slegs van God te verwag.

Mensbeeld

Die Woord van die Here laat ons ook nie in die duister oor wie die mens is nie. Dit beskryf die mens voor en na die sondeval. 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing gaan daarvan uit dat die mens oorspronklik baie goed geskape was. Die mens was ten volle in staat om God in alle opregtheid te dien ooreenkomstig die roeping waarvoor hy geskape is.

Terwyl die mens geskape is om God se heerlikheid, geregtigheid en heiligheid te weerspieël, het die mens self daarvoor gekies om Satan te gehoorsaam. Daardeur het hy homself en al sy nakomelinge van al die besondere gawes beroof en almal so in die (ewige) verderf gestort.

Vanweë Jesus Christus se verlossing en heiligmaking kan die vernieuë mens goeie en liefdevolle vrugte voortbring.

Vanuit homself is geen mens meer in staat om enigiets goeds te doen nie. Slegs vanweë Jesus Christus se verlossing en heiligmaking kan die vernieuë mens goeie en liefdevolle vrugte voortbring.

Christen-ouers en -onderwysers moet daarom beseft dat die allernodigste vir die kinders is dat hulle Jesus Christus as hul Saligmaker moet leer ken. Hy is die Enigste wat kan genees en heelheid kan bewerkstellig. Hy is die Een wat weer 'n band tussen God en

sy geskape mense moontlik maak. Jesus Christus bring hoop terwyl dit vir mense vanweë die sondeval hopeloos geword het.

Die Bybel leer ons dat ons God se groot daad by ons kinders moet inskerp. Ons is verplig om dit in hul harte te graveer soos wat 'n mens simbole in 'n klip grif. Ons moet hulle aanhoudend van hul nood bewus maak en voortdurend op Jesus Christus as die enigste Antwoord wys.

Godsbeskouing en mensbeeld

In bostaande uiteensetting is reeds gedeeltelik aangetoon hoe beide ons Godsbeskouing en mensbeeld bepalend is vir ons lewens- en wêreldbeskouing en 'n duidelike invloed op die opvoedingsgebeure in die Christelike huis en skool het. Dit beantwoord in sekere mate ook die vraag oor die uiteindelijke doel wat ons met die opvoeding wil bereik en die metodes wat ons daarvoor gebruik. Ons opvoedingsdoel verskil radikaal met dié wat ons sekulêre staat aan ons voorhou en waarvolgens die kurrikulum van staatskole opgestel is. Die filosofie van die staat is deurspek met humanistiese, evolusionistiese en sosialistiese gedagtes. Dit is gefundeer op 'n sekulêre lewens- en wêreldbeskouing. Staatskole word voorgeskryf om kinders se volle potensiaal te ontwikkel, jong mense vir die arbeidsmark voor te berei en goeie staatsburgers te kweek.

Volle potensiaal-ontwikkeling?

Dit klink presies soos elke ouer daarvan hou: my kind moet sy talente gebruik om te presteer, om bo uit te kom, om sukses te behaal, maar is dit wat die Bybel ons leer?

Die Bybel leer ons om diensbaar te wees.

Die Bybel leer ons om diensbaar te wees, om Christus daarin na te volg. Het Christus sy volle potensiaal ontwikkel toe Hy op aarde was? Nee, Christus het gekom in die gestalte van 'n dienskneg, om sy Vader ten volle te gehoorsaam en sy uitverkore kinders te dien.

Gawes en talente wat God aan ons kinders uitgedeel het, moet ontwikkel word om te dien. 1 Korinthiërs 12 en 14 verwys na die gawes van die Gees wat gegee is tot opbou van mekaar binne die gemeente. Ons moet dus nie ons kinders leer om hulle volle potensiaal te ontwikkel nie, maar om met dit wat die Here vir hulle gegee het, hul Skepper en medemens te dien. Bostaande uitgangspunt het verreikende gevolge. Indien jy byvoorbeeld ontdek dat jul seun (God se

kind) 'n besondere bokstalent het, beteken dit dat hy die spesifieke talent nie mag ontwikkel nie, omdat hy nie daarmee diensbaar aan God en sy naaste kan wees nie!

Jesus het sy dissipels geleer om Hom in alles na te volg en nie hulself en hul eie ideale te verwesenlik nie, maar om hulself te verloën; om aan hulself te sterwe. *As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg* (Matt 16:24).

Volle potensiaal-ontwikkeling het ook nog 'n ander kant, naamlik dié van verbetering. Die mens moet volgens evolusionistiese denke immers aanhoudend verbeter en die dierlike instinkte soos jaloesie en liefdeloosheid oorwin. Slegs deur liefde, onderlinge respek en harmonie kan daar van die wêreld 'n beter plek gemaak word. Dan kan die mensdom uiteindelik die utopia bereik waarna hy so verlang.

Dit word duidelik deur die skrywers van hierdie eeu verwoord, soos Jolly, joernalis van die *New Scientist* (1999), wat die volgende gesê het: *But I believe we are now embarking on a fifth major transition. Homo sapiens is slowly evolving into something akin to a superorganism, a highly-structured global society in which the lives of everyone on the planet will become interdependent.*

Die British Humanist Association gee die volgende kenmerke vir 'n humanis:

- 1) *Dink vir hulself oor wat reg en verkeerd is, gebaseer op rede en respek vir ander.*
- 2) *Vind betekenis, skoonheid en vreugde in die een lewe wat ons het, sonder behoefte aan 'n lewe hierna.*
- 3) *Beskou die wetenskap eerder as godsdiens as die beste manier waarop die wêreld ontdek en verstaan kan word.*
- 4) *Glo dat 'n mens deur empatie en medelye die wêreld 'n beter plek vir almal kan maak.*

Hierdie gees beheers die kurrikulum waaraan staatskole moet beantwoord. Kinders word nie geleer dat daar slegs in Christus verlossing en vernuwing te vinde is nie, maar word gelei om te ontdek hoe hulle self vir verbetering kan sorg.

Vorbereiding vir die arbeidsmark?

Op die oog af klink dit soos ons as ouers dit sou wou hê. Natuurlik moet ons ons kinders opvoed sodat hulle eendag 'n plek in die samelewing kan inneem en ook 'n beroep kan beoefen om hulself te kan on-

derhou, belasting kan betaal en geld vir die kerk en skool kan gee! Die vraag moet egter ook hier gestel word: is dit wat die Bybel ons leer; is dit die doel van opvoeding?

Die opvoedingsdoel is duidelik in Deuteronomium 6 en Psalm 78 geformuleer ... die Here nie vergeet ... die HERE jou God vrees en Hom dien ... doen wat reg en goed is in die oë van die HERE ... hulle vertroue op God kan stel ...

Indien ons sulke kinders 'kweek' en God se opvoedingsdoel nastreef en sy Woord by ons kinders inskerp, dan sal hulle wanneer hulle volwasse is "deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang" (Hand. 20:35) en "laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het" (Ef. 4:28).

'n Beroep is nie 'n doel op sigself nie en ook nie 'n middel tot 'n verhewe doel (sukses) nie. Getroue arbeid is 'n uitvloeisel van 'n Christelike lewe wat in diens van sy hemelse Koning staan. Ons werk (arbei) nie om te lewe nie, maar ons lewe om te werk en dit in diens van God en ons naaste.

Ons leef om te werk en dit in diens van God en ons naaste.

Hier is ook 'n ander faset ter sprake, naamlik dié van sosialisme, waar arbeiders 'slawe' van die staat gemaak word en staatsinkomste 'gelykop' verdeel moet word.

Goeie staatsburgers?

Ons lewe tans in die nuwe era van die 21ste eeu waar goeie staatsburgers ook goeie wêreldburgers impliseer. Vandag is die wêreld soos een stad, met rekenaarnetwerke aan mekaar verbonde, en dit deel een gees. Die term liefde is die nuwe afgod en verdraagsaamheid, respek en harmonie moet die wêreld red. Die verlede was immers boosaardig en veroordelend en het tot oorloë gelei. Die burgers van die nuwe ryk moet mekaar verdra en ruimte gee vir andersheid en eie interpretasies van waarhede. Suid-Afrika moet die verkeerde uit die verlede oorwin deur goeie staatsburgers te kweek. Gehoorsaam aan die staat en sy ideologieë moet onderwysers kinders tot hul eie waarhede lei. In groepsverband moet kinders ontdek dat die waarheid veelkleurig is en niemand sy opinie op 'n ander mag afdruk nie. Die regering is van mening dat opvoeding aan die staat behoort en die staat bemoei homself nie slegs

met onderwysstandaarde nie, maar juis bewustelik ook met leerinhoud. So word kinders op skool geleer hoe om veilige seks te hê en dat aborsie die reg is van enige meisie of vrou wat nie 'n baba wil hê nie.

Ons moet God se kinders sy goeie wette inskerp.

Dit is duidelik uit die Bybel dat ons God se kinders sy goeie wette moet inskerp. Ons moet hulle leer dat God die enigste gesag is en dat daar slegs een Waarheid is. Ons moet hulle oefen om soos soldate in Christus se ryk vir die waarheid te stry en alle dwaalleer teë te staan. Die belangrikste is immers dat hulle deur genade erfgename van God se koninkryk mag wees.

Slot

Om 'n volwasse soldaat in Christus se ryk te kan wees, beteken 'n opleiding van ongeveer 18 jaar. Soos die Bybel ons leer, is dit 'n aanhoudende inskerping en herinnering. By die doop is dit deur die ouers belowe en eers tydens die openbare geloofs-belydenis gaan die verantwoordelikheid daarvoor oor op die skouers van die jong lidmaat. Ouers is dus geroepe om hul kinders dié onderrig wat op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en die doel wat God stel, geskoei is, te (laat) gee. Ons kinders is immers prinse en prinsesse van God se koninklike hofhouding, en aardse vaders en moeders het die verantwoordelikheid om hul harte daarop te rig en dié etiket vir hul kinders te leer.

Henria Stolper, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Aandag vir die persoon van die ampsdraer

In Sy diens



In hierdie (nuwe) rubriek gaan dit oor hoe ampsdraers hul werk in diens van die Here mag en moet doen. Hoe behoort hulle te funksioneer? Maar is die aandag vir die persoon van die ampsdraer wel tereg? Die teoloog Karl Barth

het 'n ampsdraer vergelyk met 'n posbode. 'n Posbode besorg 'n brief (=boodskap) by jou huis, maar die persoon van die posbode is volledig irrelevant. Dit gaan immers oor die brief wat hy oorhandig. Wat die posbode self dink of voel, is nie tersaaklik nie. Daar is geen enkele verhouding tussen hom en die boodskap nie. As dit die taak is van 'n ampsdraer, dan het dit geen sin om ons besig te hou met die persoon van die ampsdraer nie, want dit kan ons aandag maar net aflei van die boodskap wat hy bring.


Die betroubaarheid van die evangelie is onafhanklik van die boodskapper.

Hierin lê 'n belangrike waarheid: die inhoud van die boodskap van die evangelie het altyd voorrang bo

ons subjektiwiteit. Ons moet selfs sê dat ons persoon geen inhoudelike bydrae tot die boodskap lewer nie. Die betroubaarheid van die evangelie is onafhanklik van die boodskapper.

Maar ons mag die persoon van die boodskapper nie ignoreer nie. Want 'n ampsdraer kan deur sy persoonlike optrede die effektiwiteit van die boodskap wel bevorder of belemmer. Jou persoonlike opinie of lewensomstandighede kan afbreuk doen aan die boodskap. En die omgekeerde is ook waar: die uitstraling van die ampsdraer kan positief werk, sodat lidmate eerder bereid is om na die boodskap van die ampsdraer te luister. Hierdie belangrike feite mag ons nie ignoreer nie, want veral die gereformeerde teologie wil altyd regdoen aan die totale geskape werklikheid.

Om die verhouding tussen boodskap en ampsdraer beter te tipeer, het iemand dit so verwoord: die ampsdraer is 'n bedelaar wat vir 'n ander bedelaar vertel waar jy brood kan kry. So behoort dit te wees. Die ampsdraer behoort self betrokke te wees by sy boodskap, hy is self belanghebbende. Die Bybelse boodskap moet eers deur die hoof en die hart van die ampsdraer voordat dit die luisteraar kan bereik. Ampsdraers is lotgenote van die lidmate tot wie die boodskap gerig is.



Die amp is nie 'n bo-persoonlike instituut waarin die persoon van die ampsdraer heeltal verdwyn nie. Die amp is altyd groter as jyself, maar dit druk nooit jou persoon weg nie. Die Heilige Gees skakel die mens nie uit nie,

maar skakel hom met sy karakter en lewensomstandighede in om die boodskap so helder en kragtig as moontlik oor te dra.

Ons sien dit baie mooi by Paulus in 2 Korinthiërs 11:23-28. Paulus vertel openlik wat hy alles persoonlik meegemaak het. Hy ag hierdie persoonlike ervarings van belang om lidmate daarvan te oortuig dat God hom in sy diens gebruik. Jeremia sê wel in Jeremia 20:7 : "Here, U het my oorgehaal en ek het my laat oorhaal." Daarmee bedoel Jeremia nie dat

God hom so oorweldig het, dat sy persoon heeltal nie meer ter sake was nie. As daar een profeet was wat baie vertel het oor sy eie betrokkenheid en sy eie worstelings by die boodskap wat hy moes bring, dan was dit Jeremia. Jeremia wil maar net sê dat God se roeping vir hom te sterk was om te kan weier.

Dit is die aard van die werk van die Heilige Gees dat Hy die persoon van die ampsdraer en sy persoonlike moontlikhede mobiliseer vir hul diens. Dit is die grootheid van God se Gees: Hy kan die objektiewe waarheid oordra deur ons subjektiwiteit met haar moontlikhede én grense. Daarom is dit goed om as ampsdraer na te dink oor wie jy is, waar lê jou gawes, wat moet jy nog leer, ensovoorts. Die Heilige Gees skakel mense in met hul moontlikhede en hul beperkings, en gee so die betroubare Woord van God deur in hierdie wêreld.

Ds Jelle Drijfhout, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Vind jou vreugde in stilwees voor God

Leer en Lewe

"Wees maar net stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting! Sekerlik, Hy is my rots en my heil, my rotsvesting; ek sal nie wankel nie. By God is my heil en my eer; die rots van my sterkte, my toevlug is in God. Vertrou op Hom altyd, o volk! Stort julle hart uit voor sy aangesig! God is 'n toevlug vir ons."

Ons almal ken die woorde van Psalm 62 – om stil te wees en God te verwag. Maar die waarheid is dat ons nie besonders goed is met een van die twee nie – nie met stil wees of met wag nie. Vandaar die fokus vir vandag – want daar is vreugde in die stilwees voor God, in die wag op God.

Ons vreugde lê in ons geniet van God, ons ken van God en om sy eer te soek in ons lewe, elke dag.

Kom ons begin deur eers te kyk na vreugde. Waarin en waaruit vind ons vreugde? Wat is die oorsprong van ons vreugde? Psalm 37:4 sê: "Verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart". As ons vreugde in die Here is, wat sê God se Woord vir ons oor daardie vreugde? Jesaja 43:1 en 7 – want

God het ons geskape, ons geformeer, ons gemaak en ons is Syne. 1 Thessalonicense 4:1 bepaal dat ons moet wandel en doen wat God behaag. John Piper, in sy boek getiteld *Desiring God*, verklaar dat die vreugde in God bepaal dat die einddoel van God is om Homself te eer en ander in Hom te geniet – m.a.w. ons vreugde lê in ons geniet van God, ons ken van God en om sy eer te soek in ons lewe, elke dag. Waarom sal dit vir ons vreugde bring?

Want ons God is almagtig! Jesaja 46:9-10 sê: "Ek is God en daar is niemand soos Ek nie, wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie, wat sê: My raad sal bestaan en al wat my behaag, sal Ek doen." En wat behaag God dan? God se hele Woord getuig daarvan, getuig van sy Vaderskap en liefde vir sy volk. Wat doen God? Hy sluit met ons 'n verbond – 'n genadeverbond deur sy Seun. Jeremia 32:40 bevestig: "En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle harte gee, sodat hulle van my nie afwyk nie. En Ek sal my oor hulle verheug om aan hulle goed te doen; en Ek sal hulle

duursaam in hierdie land plant, met my hele hart en my hele siel.”

Daar is 6 basiese waarhede waardeur ons ons vreugde in God leer ken:

Ons vreugde lê in ons genadige verlossing deur Jesus Christus, in ons kindskap van God en in ons geloof gewerk deur die Heilige Gees.

1. God het ons geskape tot sy eer – in sy beeld is ons geskape en ons geloof is sy skeppingswonder in ons.
2. Daarom is dit ons plig, deur sy genade, om tot sy eer te leef, soos geskryf staan in 1 Korinthiërs 10:31: “Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.” Wat beteken dit om tot eer van God te leef – beteken dit net om sy eer altyd groter te maak? Nee, maar ook om uit dankbaarheid vir sy genade ons afhanklikheid van sy voorsiening te erken en uit te leef.
3. Maar ons het almal gefaal om God te eer – “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Rom 3:23). Dit ontbreek ons aan die heerlijkheid van God, want ons verruil sy heerlijkheid vir die verganklike beeld van ‘n mens – ons vertrou op ons daaglikse gejaag en op ons eie vermoë – van nature is ons geneig tot sonde – ons is “van nature kinders van die toorn” (Ef 2:3), want ons het ‘n hart van klip (Es 11:19) en was dood deur ons misdade (Ef 2:5).



4. Dus: ons verdien die ewige verdoemenis van God, want die straf op sonde is die dood, om deur God verlaat te wees, om sonder God te moet leef. In die laaste oordeel sal God ons 3 vrae kan vra, naamlik:
 - a. Het Ek jou nie geskape en was dit nie duidelik dat jy in alles afhanklik is van My nie?
 - b. Het jy ander nie veroordeel as hulle in antwoord op jou goedheid nie dankbaarheid getoon het nie?

- c. Was jou lewe dan gevul met dankbaarheid en vertrou teenoor my proporsioneel tot alles wat Ek jou geskenk en gegee het?
 - d. Die feit dat ons op bogenoemde vrae nie bevestigend kan antwoord nie, bewys dat ons die ewige verdoemenis verdien.
5. Maar God het, alleen uit genade, sy Seun vir ons gestuur – “Dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red” (1Tim 1:15). Romeine 3:25-26 : “Hom het God voorgestel in sy bloed as ‘n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig kan maak wie uit geloof in Jesus is”.
 6. Uiteindelik lê ons vreugde in wat Handeling 16:31 voorskryf, naamlik: “Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word.”

En dis waarin ons vreugde lê – in ons genadige verlossing deur Jesus Christus, in ons kindskap van God en in ons geloof gewerk deur die Heilige Gees.



Maar dit is vir ons niks nuuts nie – ons weet dit en die uitdaging lê nie in die verstaan daarvan nie, maar in die doen.

Wat kan die Bybel ons leer van die doen daarvan? Kom ons lees saam Romeine 5:1-5 : “Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God. En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.”

Kom ons bekijk die lewe van Sara as voorbeeld. As Saraï was sy onvrugbaar, sy was mooi van aansien, soveel so dat God plaes oor die huis van die Farao gebring het toe Abram aan hulle vertel het sy is sy suster. Sy het God se verbond met Abraham dat sy nageslag meer as die sterre aan die hemel sou wees, self probeer verwesenlik deur aan hom haar slavin Hagar te gee, sy het selfs teenoor God gelag toe Hy aan haar 'n seun belowe op die ouderdom van 90 jaar. Maar ten spyte van al Sara se tekortkominge bly die Here getrou. In Hebreërs 11:11 lees ons: "Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit belof het."

Deur die geloof mag ons hoop op die beloftes wat God deur sy Woord aan ons openbaar.

Wat haar verhaal aan ons openbaar, is dat geloof nie deur onself verkry word nie, maar dis 'n gawe van God, meer nog – dat deur geloof ons mag hoop op die beloftes wat God deur sy Woord aan ons openbaar. Ons mag hoop op vreugde, hoop op die verkryging van vreugde deur ons kennis van God te verbreed. Maar dit impliseer ook dat ons hierdie hoop slegs sal verkry sodra ons ons eie wil oorgee aan die wil van God vir ons lewe. 1 Petrus 5:6-8 vermaan dat ons ons moet verneder onder die kragtige hand van God, want Hy sal ons verhoog op die regte tyd – dat ons al ons bekommernis voor Hom moet werp, want Hy sorg vir ons, en dat ons altyd waaksaam en nugter moet wees, want die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu op soek na wie hy kan verslind.

Die hoop verkry ons slegs as ons ons eie wil aan die wil van God oorgee.

Wat is dan die aard van ons bekommernisse – wat vat ons weg van die sorg van God af? Kom ons kyk na 'n paar:

1. Angs – Angs gryp ons as ons vergeet om op God se liefde en sorg te fokus, en ons raak bang vir dinge wat kan gebeur eerder as die dinge wat waar en reg is. Angs bring 'n swaar hart mee, maar tog is God se hulpbronne genoeg vir ons – 2 Korintiërs 12:9-10 sê vir ons: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in swakheid roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. Daarom het ek behae in swakhede, in mishandeling, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk."

Swak en angstig wees vat ons nie weg van Christus nie, dit is juis ons swakte wat ons na Christus toe bring.

2. Skuldig voel – Skuld is die produk van sonde en sal aanhou totdat ons ons skuld beken en bely. Alleen deur vergewing kan ons wegkom van die skuld, want God is bewus van ons skuld en skaam wees. Want sover as die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder God ons oortredinge van ons (Ps 103:12). Draai jou gedagtes weg van skuld en streef die goeie na. Filippense 4:8 bepaal: "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat lofliik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."



3. Teleurstelling – Ons ervaar teleurstelling as dinge nie verloop soos wat ons dit wil hê of dink dit moet wees nie. Maar God is in beheer en alles wat met ons gebeur, gebeur na sy goeddunke met ons. Spreuke 19:21 sê: "Baie planne is in 'n man se hart, maar die raad van die Here, dié sal bestaan." God gee ons medegelowiges sodat ons saam teleurstelling kan verdra. Romeine 15 vertel ons dat op die skouers van die sterke rus die verpligting om die swakhede van ander te dra – om nie onself te behaag nie, maar om ons naaste tot stigting te dien. God heel die gebroke van hart, God gee aan die teleurgestelde uitkoms. Die Prediker skryf in hoofstuk 3:11 : "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind."
4. Skinder – 2 Timotheüs 3:2-5 beskryf 'n hele aantal sondes wat verband hou met skinder, naamlik liefhebbers van hulleself, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed,

sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, liefhebbers van genot en nie van God nie – gedaante van godsaligheid maar die krag daarvan verloën. God vermaan ons om die rug op sulke mense te keer. Jakobus 3:5-6 skryf: “Net so is die tong ook ‘n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe ‘n groot hoop hout steek ‘n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook ‘n vuur, die wêreld van ongeregtheid. Net so ‘n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. God skryf dat skinder vervang moet word deur woorde van liefde en ondersteuning, want “vriendelike woorde is soos ‘n heuningkoek; soet vir die siel en ‘n genesing vir die gebeente” (Spr 16:24).

5. Hartseer – In tye van hartseer is God ons toevlug. Die Psalms getuig gedurig daarvan, want God verstaan hartseer en gee vir ons krag. “God sal die dood vir ewig vernietig en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee” (Jes 25:8).



6. Gesondheid – Probleme met en bekommernis oor gesondheid is deel van ons lewe, en tog skryf die Psalmdigter in Ps 119:71 : “dit is goed dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer.” As ons gesondheidsprobleme ervaar, is ons nooit alleen nie. Die Here skryf : “As jy deur die water gaan, is ek by jou, en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur die vuur gaan, sal ek jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.” Eendag wag ook perfekte gesondheid op ons, saam met ons God in die ewige lewe.
7. Geld / finansies – Geen mens kan twee gode dien nie. Die Hebreërsbrief stel dit duidelik (13:5): “Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.” Dis nie geld wat standvastigheid bring nie, dit is die vaste vertrouwe dat God jou nooit sal verlaat nie. God bring rykdom en sy rykdom is vir die liggaam sowel as die siel.

8. Versoeking – Versoeking is die gevolg van ons sondige natuur, versoeking is nie die sonde nie, maar om tot die versoeking toe te gee lei wel tot sonde. Hoe weerstaan ons versoeking? Met die hulp van God alleen. Jakobus skryf in 1:12 : “Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here self beloof het aan dié wat Hom liefhet.”

Ons eie sondige natuur veroorsaak dat ons die vreugde in God nie ken nie.

Dus: op die vraag wat ons wegvat van God af, is die antwoord – ons eie sondige natuur. Ons eie sondige natuur veroorsaak dat ons die vreugde in God nie ken nie. So wat doen ons – hoe kan ons die vreugde ‘n werklikheid maak? Dit bring ons by die stilwees voor God. Deur ons stilwees voor God verkry ons die vreugde in Hom. Maar hoe vind ons vreugde in stilwees?

Kom ons bekyk die lewe van Hanna. 1 Samuel 1 en 2 vertel die verhaal van ‘n vrou, weer onvrugbaar, geliefd deur haar man, maar gespot onder die vroue. Hanna, wie se naam ‘genade’ beteken, word ‘n voorbeeld van genadige moederskap. Sy, gespot onder die vroue, kom in gebed na haar God en lê ‘n gelofte af in die vertrouensvolle hoop dat God haar gebed sal verhoor. Hoofstuk 1:15 vertel dat sy haar siel voor die aangesig van die Here uitgestort het. En God verhoor haar gebed – in vreugde tot God sing sy dan haar lofsang (1 Sam 2:1-2): “My hart jubel in die HERE, my horing is hoog in die HERE; my mond is wyd oop oor my vyande, want ek verheug my in u verlossing. Niemand is heilig soos die HERE nie, ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie.”

Kan u sien hoe haar stilwees voor God haar openbaring oor God se goedheid en almag tot gevolg het? Maar stilwees beteken nie net ‘n paar oomblikke in die dag gewy aan God nie. Dit impliseer tog ‘n verhouding met God waar ek as sy kind tot Hom kom omdat ek Hom liefhet, omdat ek sy glorie wil vertel aan almal – en dit alles beteken ‘n lewende verhouding met die Woord waardeur God Homself aan sy kinders openbaar.

Maar ons moet ook versigtig wees, want ons kan baie weet van God sonder om God werklik te ken. Hoe lyk die persoon wat God werklik ken?

1. Dié wat God ken, wys hulle energie vir God. Daniël 11:32 skryf dat die volk wat hulle God ken,

sal vashou en optree. Wanneer hulle God verloën word, kan hulle nie stilsit nie, hulle kan nie toelaat dat 'n wêreld deur Hom geskape, Hom minag of verwerp nie. Daniël en sy 3 vriende kon nie toelaat dat 'n onheilige geloof op hulle afgedwing word nie, en deur hulle vertrou op God fisies te wys, word hulle ook deur hul Almagtige God gered. Maar die mense wat God ken, staan nie net op die straathoeke om dit te wys nie, hulle is eerstens biddend. Hulle energie en ywer kom in die eerste plek na vore in hul gebedslewe. Miskien het ons nie elke dag die energie om self uit te gaan en teen afvalligheid te waarsku nie, maar ons moet definitief die ywer en energie hê om elke dag in gebed tot ons God te gaan, vir sy glorie, genade en ons verlossing.



2. Dié wat God werklik ken, ken en erken ook sy almag – die God van Israel is die Koning van die konings, die Here van die here. Daniël bid in hoofstuk 9:4 : “Ag, Here, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooi onderhou”. God is regverdig in alles wat Hy doen – sy majesteit is vir altyd en sy genade groot vir dié wat Hom dien. Ken ons Hom so? Verkondig ons Hom so en bid ons so tot Hom?
3. Dié wat God werklik ken, ken sy vrymoedigheid – Hy tree altyd vir sy kinders in – ons is nooit alleen nie, nooit in gevaar sonder Hom nie. Dink weer aan God se wonderbaarlike intrede met Daniël in die leeuken, met sy 3 vriende in die brandende oond. Wanneer ons uitgaan met die wapenrusting van God, trek die HERE saam met ons – Hy gaan ons vooruit en ons moet dieselfde vrymoedigheid vir Hom toon waar ons ook al is.
4. Dié wat God werklik ken, is ook tevrede in Hom. Geen vrede op aarde is groter as die vrede in die ken van God nie. Soos Romeine 14:8 dit stel: “Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here;

en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here”.

God se Almag en sy Genade is ons vreugde.

Dus: wat behels ons vreugde in stilwees voor God? Kom ons kyk weer na Psalm 62 – Dawid word be hoorlik deur sy vyande vertrap en verinnuweer – tog vlug hy nie na die gebergtes van Judea nie – hy vlug na God. Om al jou probleme, sorges, gejaagdheid en uitdagings voor God te bring, is nie altyd maklik nie – dit is 'n lewenskuns, 'n gawe geskenk uit genade deur God. Psalm 62 leer ons 2 dinge, naamlik dat sterkte aan God behoort en dat Hy sy goedertierenheid aan ons skenk – God se Almag en sy Genade is ons vreugde – ons leer God se Almag en sy Genade ken deur 'n lewende verhouding met Hom deur sy Woord te hê – vir ons as sy kinders is daar altyd uitkoms en skuiling by Hom, maak nie saak wat ons daardie dag jaag nie...

Dit is my wens dat hierdie inleiding by u 'n mosterd-saadjie geplant het. 'n Saadjie wat in groot vreugde sal uitspruit en groei. Mag u persoonlike stiltetyd in die toekoms gevul wees met die rus en vrede wat God se Lewende Woord vir ons almal bring.

Gerda van Dijk, lidmaat van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom (hierdie referaat is gelewer op die Vrouesaamtrededag Gauteng op 10 Mei 2014 te Johannesburg)

Bronnelys

Buchan, Angus. 2013. *The Booth: finding quiet time in the presence of God*. Vereeniging: Christian Art Publishers.

d'Assonville, V.E. 2005. *Die Psalms sing van Christus*. Pretoria: Marnix.

MacArthur, John. 2005. *Twelve Extraordinary Women: How God shaped women of the bible and what He wants to do with you*. Nashville: Thomas Nelson.

Meyer, Joyce. 2007. *21 Ways to find Peace and Happiness: Overcoming Anxiety, Fear and Discontentment every day*. New York: Faith Words.

Miller, Patricia. 2013. *Quick Scripture reference for counselling women*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

Packer, J.I. 1984. *Knowing God*. Warwickshire: Hodder & Stoughton.

Piper, John. 2003. *Desiring God: Meditations of a Christian Hedonist*. Nottingham: Inter-Varsity Press.

Nagmaal

Leer en Lewe



Die instellingswoorde van die heilige nagmaal vind ons in 1 Korinthiërs 11:23-29.

Tog kom daar vrae na vore soos: hoekom doen ons dit nog, mag ons oorslaan, en so meer.

Nagmaalsviering is 'n genadige bevel van God. Die nagmaal is nie deur mense bedink nie, maar deur God ingestel en sodoende 'n bevel. Allerlei redes kan bedink word om nie die nagmaal te vier nie, soos bv. is my geloof goed genoeg, wat daarvan as ek twyfel, ek het moeite met 'n ander kerklidmaat, ek het 'n ernstige sonde gedoen, en dies meer. Daar is selfs kerke waar mense nooit na die nagmaal gaan nie. Hulle durf wel belydenis van geloof af te lê en die Bybel te glo, maar dit alles glo tot eie behoud is nie moontlik nie.

Deur middel van die nagmaal wil die Heilige Gees ons geloof versterk.

So mag ons egter nie redeneer nie. Deur middel van die nagmaal wil die Heilige Gees juis ons geloof versterk. As gedoopte vra jy jousef nie af: “*mag* ek nagmaal vier?” nie. Dis juis andersom: wie gedoop is *moet* nagmaal vier. Feitelik het Christus alreeds by ons doop met ons sondes afgereken. Volgens die eerste doopvraag is ons die ewige oordeel werd, maar God sê: Ek neem jou in genade aan. God neem die inisiatief by die doop. Ons weet van niks, nie van oordeel, sonde, strafwaardigheid en ook nie van genade nie. Maar God tree reddend op nog voordat ons vra. Selfs die kleinste kinders mag gedoop word. Dan kan ons tog nie weier nie. Elke

verbond het immers 2 dele, nl. 'n belofte en 'n eis. En as jy dan in sonde lewe? Breek dan met die sonde, maar gebruik dit nie as 'n verskoning om nie die nagmaal te vier nie. Ons vier die nagmaal immers nie om daardeur te kenne te gee dat ons verdienstelike en rotsvaste gelowiges is nie. Juis nie, ons erken ons onmag en sonde. En dan kry ons gratis brood en wyn. Die nagmaal verander ons lewe, ons spring daarmee aan die werk. Deur die Heilige Gees word ons steeds meer met sy liggaam verenig, vlees van sy vlees en been van sy gebeente. Dan bemerk jy dat jy die nagmaal nodig het vir jou persoonlike en kerklike lewe, in die stryd teen die sonde.

Die nagmaal verander ons lewe, ons spring daarmee aan die werk.

Die sakrament van die nagmaal was 'n groot strydpunt veral tydens die opstelling van die belydenis. Die Roomse mis het die enige offerande van Christus verloën. Die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 80) noem dit selfs 'n vervloekte afgodery. In dié kerkstryd het verskeie gelowiges die verbranding op die brandstapel en die verstikking aan die galg eerder verkies as om hul belydenis omtrent die nagmaal terug te neem of hul kerkboeke te verbrand. Die sekerheid van die geloof staan hier op die spel. Moet jy tot die dood toe bang wees vir 'n skrikwekkende God en nooit seker weet of jy salig word nie? Die mis leer dat jy 'n offer aan God bring terwyl dit juis 'n gawe van God aan ons is. Dit sou beteken ons doen 'n goeie werk en moet daarvolgens beloon word. So sou jy vir reeds gestorwenes kon vergoed en hulle uit die vaevuur red. Vir 'n Roomse is die einde skrikwekkend. Van jou sterfbed na die volgende verskriklike lyding, nl. die vaevuur. Wat 'n arm geloof teenoor die ryk evangelie van volkome versoening deur Jesus Christus, m.a.w. sy gawe aan ons. Ons mag dankbaar wees vir 'n Kategismus wat die Roomse mis so skerp teenspreek. Elke gelowige hart wil vashou aan die belydenis dat God geen skrikwekkende God is nie, maar 'n God wat jou laat leef in die stralende lig van sy oë.

Daar is egter nog 'n verskil met die Roomse mis. Die Roomse leer verkondig dat die brood en die wyn verander in die liggaam en bloed van Christus. Hoe moet ons die woorde “dit is my liggaam” verstaan?

Ons sê: ek het 'n liggaam, bedoelende ons eie vlees en bloed. Die Oosterling sê egter: ek *het* nie alleen 'n liggaam nie, maar ek *is* 'n liggaam, bedoelende sy doen en late. So sê Jesus: dit is my liggaam, wysende op sy doen en late. Hy spreek hierdie woorde in die nag van sy verraad. Hy wys dan daarop wie Hy is nou dat Hy op die punt staan om Hom gevange te laat neem, Hom te laat gésel, Hom aan die kruis te laat spyker, deur God verlaat te word tot in die allerdiepste verworpenheid en angs van die hel. So is ek, bedoel Hy. My dood is jou brood. Dan verander die brood en wyn nie. Die Here sê elders ook: Ek is die deur (Joh. 10:7) of: Ek is die ware wynstok (Joh. 15:1). Dan verander Hy tog ook nie in 'n deur of 'n wynstok nie. In Christus se werk op Golgota het Hy die blywende fondament gelê vir sy blywende omgang met ons.

God is 'n God wat jou laat leef in die stralende lig van sy oë.

By ons nagmaalsviering word die gemeenskap van die heiliges ook beoefen. Eerstens gemeenskap met God en van daaruit ook gemeenskap met mekaar as lede van die Kerk. By die nagmaal sou jy kon dink dis 'n herinneringsmaaltyd aan Christus se lyding en sterwe, 'n soort begrafnisplegtigheid. Dis egter nie die bedoeling nie. Ons is verbind met die lewende Christus wat die tafelgasheer is. In die nagmaalsformulier word gesê dat ons nie aan die tekens van brood en wyn verkleef bly nie, maar ons harte ophef na die hemel. Al is Christus nie in die brood en wyn aanwesig nie, is Hy beslis nie die afwesige nie. Deur die Heilige Gees is Christus by elke nagmaalstafel. Die Heilige Gees bemoedig ons en maak van ons ander mense. Die gasheer Christus werk egter ook 'n band tussen ons as nagmaalsvierders onderling. Jy vier dus nie alleen nagmaal nie, maar as lid van die een liggaam van Christus, nl. die Kerk. Saam eet jy van die een brood. Ons vorm 'n eenheid en beleef so die onderlinge gemeenskap.

Jy vier dus nie alleen nagmaal nie, maar as lid van die een liggaam van Christus, nl. die Kerk.

Wat beteken dit in 'n praktiese opsig? Ons deel in mekaar se vreugde en verdriet. As jy ryk is, deel jy uit aan armes, jy steek jou hand uit na diegene wat moeite of eensaamheid ondervind, m.a.w. diakonale gemeente wees. Vandaar ook dat die nagmaalskollekte altyd bestem is vir die diakonie, nl. diensbetoon en barmhartigheid.

By elke nagmaalsviering word ons ook opgeroep tot selfbeproeving. Kinders kan hulself nog nie beproef nie, vandaar dat hulle ook nog nie nagmaal kan vier nie. Vir die volwassene is die selfbeproeving 'n dryfveer na die nagmaal toe. Gelowiges vra hulself dikwels af: is ek welkom, is ek goed genoeg, is ek 'n kind van God? Beslissend hier is dat jy gedoop is. Daar is geen rede om te twyfel of jy 'n kind van God is nie. Met die doop op ons voorhoof het ons altyd reg om voor ons Hemelse Vader op die knieë te gaan. As ons dit in geloof doen, dan is daar vergewing van sondes. Dis 'n sekerheid dat jy 'n kind van God is. Wat hou selfbeproeving in? Selfbeproeving hou dus in dat jy jou lewe bekyk in die lig van God se wet. Dan eers sien jy die sondes. Wie durf sê dat Hy Christus liefhet met sy hele hart en Hom dien met al sy moontlikhede? Paulus sê in Romeine 7:18, 19 : In my woon niks goeds nie; ek wil goed doen, maar ek kan nie. Dan moet jy instem: ek verdien God se toorn. My nood is groot. Maar nou moet ons die nood nie gebruik om die nagmaal te versuim nie. Die formulier sê: ons kom juis na die Nagmaal omdat ons ons lewe buite onself in Christus soek. Dus: eerstens sien jy jou sondes in die lig van God se wet (ellende), tweedens neem jy die vaste belofte van vergewing ter harte (verlossing) en derdens begeer jy om jou geloof te versterk en jou lewe te verbeter (dankbaarheid).

Met elke nagmaalsviering verkondig ons Christus se liefde tot die uiterste.

In 1 Korintiërs 11: 24-26 lees ons dat ons die nagmaal moet vier tot sy gedagtenis en so ook die dood van die Here moet verkondig. Tot sy gedagtenis beteken dus nie dodeherdenking, maar ons gedenk die lewende, opgestane Heer. Alles wat Hy gedoen het en nog steeds doen. Hy is dieselfde in verlede, hede en toekoms. Hy is ook nie vreemd by ons sterwe nie. Nee, Hy is dieselfde Here as aan die nagmaalstafel. So gedenk ons Hom, maar meer nog: Hy gedenk ons deur te pleit in die hemel. Ons moet ook Christus se dood verkondig, m.a.w. vertel, bekend maak. Feitelik vertel ons Christus se lewensverhaal. Met elke nagmaalsviering verkondig ons Christus se liefde tot die uiterste. Elke kerkdiens is 'n fees. Daar word die genademiddele van Woord, water en wyn bedien. Ons het 'n liefdevolle en genadige Vader.

Ina Kamphuis, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Geloof en wetenskap

Wetenskap en tegnologie



Is dit moeilik om te glo? Kan dit ooit wetenskaplik verdedig word? Dit is iets waaroor gelowige en nie-gelowige wetenskaplikes aanhoudend stry. ¹

Wanneer 'geloof' gelykgestel word daaraan om 'n eie interpretasie aan 'n 'godsbeseft' te gee, kan ek my voorstel dat die begrip nie veel waarde vir wetenskaplikes kan hê nie. Wanneer 'geloof' 'n eie, heel persoonlike oortuiging is wat oor tyd ontwikkel het en wat van persoon tot persoon kan verskil, sal ons nie maklik iemand anders tot 'geloof' kan oortuig nie. Maar die kerk het vanaf die vroegste eeue gepraat van sy "algemene (!) en ontwyfelbare geloof". 'Geloof' beteken immers eenvoudig om te glo wat vir jou gesê word. Om staat te maak op dit wat iemand anders sê omdat jy geen rede het om die ander persoon te wantrou nie. Ek vra iemand om vir my die pad te verduidelik, ek let fyn op na wat die persoon sê en volg dan presies daardie roete. Omdat ek hom glo. Ek het 'n afspraak met 'n persoon in 'n restaurant. Dus probeer ek om op die afgesproke tyd daar te wees en is nie verbaas om die ander persoon ook daar aan te tref nie. Ons glo mekaar op ons woorde.

Die Bybel vra geloof, naamlik om te aanvaar wat in die Bybel gesê word.

So vra die Bybel ook geloof: om te aanvaar dat dit wat daarin gesê word, waar is. En om nie 'n persoonlike interpretasie daaraan te gee wat weinig te make het met wat werklik daar gesê word nie. Maar om eenvoudig te hou by hoe dit skriftelik vasgelê is. Om nie te sê dat die Bybel op allerhande verskillende manier uitgelê kan word nie, maar om sorgvuldig te probeer vasstel wat daar nou werklik gesê en bedoel is. Glo u dat keiser Nero Rome aan die brand gestee het en toe die Christene daarvan beskuldig het? Glo u dat Dirkie Uys sy pa, wat gewond is in die stryd teen die Zoeloes, 'n hele ruk lank dapper verdedig het? Waarom? U was immers nie daar nie? Nee, maar daar bestaan tog historiese dokumente wat dit beskryf, sê u? Meer as een. Waarom glo ons dan nie ook net so

dit wat in die Bybel staan nie? Daar is immers ook historiese dokumente daarvoor. Meer as een. 'n Bybel vol. Rondom die Kerstyd van 2013 het daar in 'n koerant² 'n artikel verskyn waarin die vraag ondersoek is of Jesus van Nasaret werklik bestaan het. Een van die gevolgtrekkings in hierdie artikel was dat die Bybel nie 'n rol kan speel in hierdie ondersoek nie, omdat die Bybel letterkunde en nie geskiedskrywing is nie. Kan jy jou rug regtig so maklik 'wetenskaplik' op die Bybel draai? Daar het in die laaste jare boeke verskyn met 'n diepgaande terugblik op die einde van die apartheidstydperk, wat tereg 'n plek op die literatuurlys ontvang het. Is daardie boeke dan nie meer geskiedskrywing nie?³

Die Bybel is 'n hele biblioteek in een bundel. Dit bestaan uit meerdere genres. Daarin kom ook heelwat geskiedenis voor.

Die Bybel bestaan buitendien nie net uit 'n enkele boek uit een genre nie, maar is 'n hele biblioteek in een bundel. Dit bestaan uit meerdere genres. Daarin kom ook heelwat geskiedenis voor. Hierdie versameling het tot stand gekom onder die toesig van een Outeur: God se Heilige Gees. Dit staan vir my vas. Dit word baie duidelik wanneer 'n mens die hele versameling lees. Maar laat die wetenskaplikes vir wie dit so 'n groot probleem is om op 'n goddelike openbaring te moet staatmaak ('n boek uit die hemel') dan maar begin om dit te lees as 'n versameling boeke wat deur mense geskryf is. Want God se Gees het gebruik gemaak, en maak nog steeds gebruik, van gewone mensewoorde. En mensegedagtes.

God se Gees het gebruik gemaak van gewone mensewoorde. Laat wetenskaplik reg geskied aan hierdie mense deur hulle ernstig op te neem.

Maar laat dan wetenskaplik reg geskied aan hierdie mense deur hulle ernstig op te neem. Begin om die Bybel te lees by die boek Lukas. Hierdie skrywer het sy bydrae so begin: "Baie mense het hulle hand daaraan gewaag om 'n verhaal saam te stel oor alles wat onder ons tot vervulling gekom het (!), soos die mense wat van die begin af (!) ooggetuies (!) en dienaars van die Woord was. Daarom het ook ek dit

goedgedink om self alles stap vir stap van voor af noukeurig te ondersoek (!) en dit in volgorde vir u neer te skryf, sodat u vir seker kan weet (!) dat die onderrig wat u oor hierdie gebeure (!) ontvang het, betroubaar (!) is.” (Luk 1:1-4 uit 'n Direkte Vertaling (2014)) Lukas vra van ons dat ons sy verslag lees as die resultaat van noukeurige historiese ondersoek. As wetenskaplike (hy was opgelei as dokter) het hy dan ook werklik geweet wat geskiedskrywing behels. In sy tyd is geskrifte van historici soos Flavius Joséfus en Publius Cornelius Tacitus gepubliseer. Lukas dateer dan ook met verwysing na die heersende keisers in Rome, goewerneurs in Sirië en in Jerusalem (2: 1, 3: 1), vorste uit die Herodes-familie (1:5, 3:1 en 19, 23:6 en 7), ens. Daar word allerhande name genoem van mense van wie daar sommiges nog ten tyde van die verskyning van hierdie verslag gelewe het. Oor- en oorgetuies. 'n Mens sou dus by hulle kon gaan navraag doen. Laat iemand wat moeite ondervind om die Bybel te glo, nou eers voorlopig daarvan uitgaan dat Lukas sy bes gedoen het om 'n betroubare historiese verslag te skryf. En sy boek dus so sorgvuldig en eerlik lees. En dan dus ook sy vervolverslag (Hand. 1: 1-3) in die boek *Handelinge*.

Maar as Lukas feite beskryf wat werklik gebeur het, watter rede is daar dan nog om nie die hele Bybel te glo nie? Werk dan eerlik wetenskaplik daarmee.

Maar as Lukas feite beskryf wat werklik gebeur het, watter rede is daar dan nog om nie die ander drie evangelieskrywers te glo nie? En dan kan jy ook nie anders as om die hele eerste deel van die Bybel, die Ou Testament, as waar te aanvaar nie. Want Jesus het meermale daarna verwys: as jy Hom en dit wat Hy op aarde kom doen het, wil verstaan, dan kan jy die hele draaiboek in die boekrolle vind (Luk. 24: 27, 44-46). En dan kan jy tog ook nie meer veel van 'n probleem met die laaste gedeelte van die Bybel hê nie: al die briewe van die leerlinge van die eerste tydperk. Briewe waarin feitlik slegs teruggegryp word op dit wat Jesus gesê en gedoen het. En waarin die draad maar net deurgetrek word. Boeke vol getuies van mense wat eerlik erken dat hulle self ook eers nie kon glo wat hulle alles ervaar het nie. Maar hulle moes maar. Die feite het hulle daartoe gedwing. En intussen is hulle maar net te bly dat hulle wel glo. As ons ongelowiges in debatte oor geloof wil oortuig, hoef ons nie met 'n 'openbaring van bo' te begin nie. 'n Mens kom eers daarby uit as jy alreeds begin glo het. Laat ons maar eenvoudig begin waar God ook tel-

kens begin: by verslae van oog- en oorgetuies hier op aarde. En eerlik wetenskaplik daarmee te werk gaan.

Ds Ferdinand Bijzet, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

(Eerder verskyn in die *Nederlands Dagblad* van 31 Januarie 2014, vertaal deur Lize Kampman, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata)

(Voetnote)

1. Daaroor is daar in Nederland op 29 Januarie 2014 selfs 'n openbare 'Religiedebat' gehou.
2. In die *Nieuwe Rotterdamse Courant* (NRC) in die bylae *Next* van Saterdag 21 Desember 2013.
3. Vergelyk ook die blitsverkopers van die Nederlandse skrywer Geert Mak, soos *De eeuw van mijn vader* (1999), *In Europa* (2004) en *De brug* (2007). Literatuur en dus nie geskiedskrywing nie?

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS: 13 Augustus 2014

Artikels moet na volgende e-posadres gestuur word: kompas@vgk.org.za



SKOON
BIO-DIESEL 4+

Wat is Biodiesel?
Biodiesel is 'n skoon-brandende diesel vervangings brandstof, vervaardig uit natuurlike, hernubare bronne soos oliesade, herwinde gebruikte kookolie, ens.
Biodiesel bevat geen petroleum nie, maar kan in enige verhouding met petroleum diesel gemeng word om 'n biodiesel mengsel te vorm.
Net soos petroleum diesel, kan biodiesel in enige ongewysigde diesel enjin gebruik word.

Wie is SKOON Bio-Diesel?
SKOON Bio-Diesel bk. is September 2008 gestig met die doel om biodiesel uit gebruikte plantaardige olies te vervaardig. SKOON Bio-Diesel werk nou saam met Supa Oils, 'n verspreider van plantaardige olies in die Wes- en OosKaap.
Ons vervaardig op 'n omgewings verantwoordbare wyse biodiesel van hoogstaande kwaliteit. Ons verseker goeie gehalte van ons biodiesel deur op 'n kontinue basis kwaliteit toetse uit te voer.
SKOON Bio-Diesel bk. verskaf biodiesel aan maatskappye vir gebruik as brandstof in diesel enjins, of as brandstof vir ander energie doeleindes.

Wat is die voordele van Biodiesel?
Biodiesel is 'n suurstofryke brandstof (11% suurstof op 'n massabasis) en dra dus by tot 'n meer volledige verbranding en 'n hoogs verbeterde uitlaatgas profiel.
Biodiesel is:
• Hernubbaar
• Nie-giftig
• Swawel vry
• Veilig om te hanteer, te vervoer en te stoor
• Vry van karsinogeniese benseen
• Bio-afbreekbaar
• Het hoër flitspunt as petroleum diesel

Biodiesel skei ook 80% minder koolwaterstowwe, 60% minder CO2 en 50% minder partikulêre deeltjies uit as petroleum diesel.
Enjin vertoning met biodiesel en biodiesel mengsel is omtrent identies met die van petroleum diesel. Selfs klein hoeveelhede biodiesel kan beduidende smerings voordele verskaf aan petroleum diesel.

Kontak persoon: Johan Potgieter +Epos: jp@potgieter@skoon.co.za
Sel: +27 72 108 1608 • Tel: +27 21 951 5320 • Faks: +27 86 698 1947

SKOON Bio-Diesel bk., Eenheid 9, Circle Park, Sacks Sirkel, Bellville-Suid, 7530

Psalms uit die Argiewe

Die Afrikaanse Psalmberyming soos wat ons dit vandag ken, het ook 'n lang pad gestap. Die volledige beryming het die eerste keer in 1937 verskyn. As jy in ag neem dat Afrikaans as formele geskrewe taal se heel eerste *Woordelys en Spelreëls* in 1917 gepubliseer is, en daar in die vormingsjare van geskrewe Afrikaans baie veranderings plaasgeving het, dan is dit opvallend hoe naby die 1922-Beryming van die Psalms is aan dit wat ons vandag nog gebruik – amper 'n eeu later. Let ook daarop dat die eerste (volledige) Afrikaanse Bybel – die 1933-vertaling – toe ook nog nie verskyn het nie.

Psalm 116 (1922)

1. God het ek lief, want dié getroue Heer
die hoor my stem wanneer ek smeeek en klae;
Hy neig sy oor, 'k roep tot Hom al my dae;
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
2. Om my was bande en strikke van die dood;
en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe;
maar 'k het die Heer gesmeek in al my nood:
3. Og, red my, Heer! na u belofenis.
Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die Heer wat goed is en regvaardig,
en vir sy volk groot van ontferming is.
4. D' eenvoudige word deur Gods oog bewaak.
'k Was uitgeteer, maar Hy is vol ontferming.
O Rus dan weer, my siel! in sy beskerming.
Hy 't u verlos, sy weldaad groot gemaak.
5. U het, o Heer! my van die dood bevry;
in droefenis my tranes afgedroë;
my voet bewaar, sodat ek voor u oë
in nuwe lewenslig my sal verbly.
6. Ek het geloof, ook toe 'k in smart gedaal,
aldus moes spreek: "Ek is terneergeboë",
en uit moes roep, deur sware smart bewoë:
"Die mens se woord is enkel leuentaal."
7. Hoe sal 'k die Heer vir nuwe blydskap dank?
Wat sal ek Hom vir al sy guns vergelde?
'k Sal by die kelk van heil sy naam vermelde,
En 'k sal sy lof verhef in nuwe klank.
8. Al my geloftes, uitgespreek in nood,
sal ek betaal wanneer 'k voor U mag nader,
met gunsgenote om u altaar vergader.
Hoe kost'lik, Heer! is in u oog hul dood!
9. Og, Heer, ek is, o ja, ek is u kneg,
soon van u diensmaag, U't in nood my bande
weer losgemaak; dies bring 'k U offerande
van lof en dank, U plegtig toegeseg.
10. Ek sal u Naam met dank-erkent'nis prys;
ek sal U loof, omring deur blye skare.
Jerusalem! ek hoor rond u altare
die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Uit: **36 Psalme in Afrikaans** –
berym deur Totius, 1922

Nelson Mandela 1918-2013

Geskiedenis en kerkgeskiedenis

Noudat Nelson Mandela begrawe is, het dit tyd geword om weer te kyk na sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek oor die afgelope sestig jaar. Voorspelbaar genoeg was die eerbetuigings wat in die routyd aan hom toegeken is, taamlik oordrewe. Hy is wyd geloof as die persoon wat Suid-Afrika eiehandig van rampspoed gered het – 'n stelling wat nie rekening hou met die rol wat ander leiers, soos biskop Desmond Tutu, president F.W. de Klerk en die kieserskorps wat deur hulle verteenwoordig is, gespeel het nie. Sommiges het selfs verder gegaan: die Britse koerant *The Telegraph* het Nelson Mandela met Jesus Christus vergelyk. Toe die skrywer van die artikel bespot en gekritiseer is, het hy nog 'n artikel geskryf waarin hy die stelling gemaak het dat daar "vele Christelike eienskappe in Nelson Mandela voorkom wat nie in die res van ons teenwoordig is nie."¹

Aan die ander kant van die spektrum was daar baie negatiewe beskouings van die gewese president. Mandela is beskryf as 'n kommunist en terroris wat verantwoordelik was vir die dood van baie mense in Suid-Afrika. Ander kritici het hom 'n sosialis genoem wat wetgewing wat aborsie en prostitusie toelaat, in sy land ingevoer het: kortom, 'n man met bloed aan sy hande. Weer eens het sommige hierdie kritiek tot die uiterste gevoer. 'n Hele paar mense in Suid-Afrika glo dat Nelson Mandela 'n werktuig van die duivel was. As u sou belangstel, voer 'n *Google*-soektog uit met die kombinasie "Mandela" en "Antichrist" en u sal meer as 200 000 resultate kry!

Dit verbaas 'n mens dus nie dat Christene in die res van die wêreld stoei om sin te maak van hierdie verskillende opinies. Wat moet ons van Nelson Mandela dink? Het hy dan nie uit die tronk gekom met 'n merkwaardige gees wat hom daartoe gelei het om te streef na versoening, eerder as wraak, met sy vyande nie? Of moet ons aanneem dat hy almal uitoorlê het deur slegs voor te gee om vergewensgesind te wees? Was dit alles deel van een of ander listige en diaboliese plan om die mag in die hande te kry en dan die Christendom in sy land te vernietig?

Dit is inderdaad moeilik om Mandela te peil. Hy was die seun van 'n Afrika-hoofman. Hy het sy basiese opvoeding aan Metodiste-sendingskole ontvang, waarna hy by die ANC aangesluit het en betrokke

geraak het by politieke weerstand teen apartheid. In die proses het hy kragte met kommuniste saamgesnoer. Al hierdie ervarings het Mandela beïnvloed en moet in ag geneem word wanneer 'n mens probeer om hom te verstaan.

As Christene dank en prys ons God dat Hy Mandela as instrument in sy hand gebruik het.

In sy beroemde "'n Ideaal Waarvoor Ek Bereid is om te Sterf"-toespraak van 1964 het Mandela homself beskryf as iemand wat die Westerse ideaal van demokrasie sowel as die kommunistiese ideaal van 'n klaslose samelewing bewonder. Hy het die stelling gemaak dat sy denke beïnvloed is deur die Weste sowel as die Ooste, en bygevoeg dat hy die beste uit albei wil haal.

Terwyl Mandela heel oop was omtrent die politieke invloede wat sy denke gevorm het, het hy nooit veel gesê oor sy geloofsoortuigings nie. Miskien, noudat hy oorlede is, sal ons meer hieroor te hore kry van mense uit sy vertroude binnekring. Intussen kan ons slegs werk met die enkele stellings wat hy oor die onderwerp gemaak het en met die wyse waarop hy homself in die openbare en private lewe gedra het.

'n Man van geloof?


Was Nelson Mandela 'n Christen? Wanneer joernaliste hom hierdie vraag gevra het, het hy nooit 'n reguit antwoord gegee nie. Hy sou eenvoudig sê dat geloof 'n private aangeleentheid is. Mandela het dikwels die kerk geloof vir die rol wat dit tydens die apartheidstryd gespeel het, maar sover as ek weet, het hy nooit 'n duidelike bevestiging gegee van sy eie geloof in die Here Jesus Christus nie. Dit is natuurlik nie 'n goeie teken nie. 'n Ware Christen is iemand wat die naam van Jesus Christus bely.

Terselfdertyd is daar aanduidings dat hy homself as deel van die Christelike gemeenskap beskou het. Tydens 'n toespraak in 1994 by die Paasbyeenkoms van Suid-Afrika se grootste kerk, die Sioniste Christelike Kerk, het Mandela 'n paar keer verwys na "ons opgestane Messias" en "ons opgestane Here"². Maar hy het altyd 'n politikus gebly. In sy openings-toespraak in 1999 by die Parlement van die Wêreldgodsdienste in Kaapstad, het Mandela met lof gepraat van die belangrike religieuse boeke (by name die Bhagavad Gita, die Koran en die Bybel), omdat

dit onderrig gee aangaande fundamentele beginsels van menslike gedrag.

Sommiges het beweer dat Mandela 'n "geheime Christen" was, 'n Christen-gelowige wat sy geloof vir homself gehou het. Suid-Afrikaanse media het berig dat 'n Metodiste-predikant die laaste rites kort voor Mandela se dood aan hom bedien het. 'n Predikant wat baie na aan hom was, het gesê dat Mandela graag geluister het wanneer die priesterlike seën (Numeri 6:24-26) vir hom opgesê is.³ Dit is ook trefend dat talle Christelike gesange by Mandela se begrafnis gesing is, insluitend die geliefkoosde gesang van Mandela se moeder.

Ons moet in gedagte hou dat die Christendom in Afrika dikwels sinkretisties is. Dit geld ook vir Mandela se kerk, die Metodiste-kerk in Suid-Afrika. Baie lidmate van hierdie kerk vereer steeds voorvaderlike geeste. Mandela se begrafnis, wat 'n mengsel was van Christelike en heidense rituele, het hierdie sinkretisme vertoon. Toe Mandela se liggaam vir die begrafnis na Qunu vervoer is, het 'n stam-oudste saamgegaan om met die "gees van Mandela" te praat en hom op hoogte te hou van waarheen hy op pad was. Op die oggend van die begrafnis, voor die seremonie, is daar 'n os geslag en 'n ouer familielid het voortdurend met die gees van die ontslapene gepraat. Hierdie dinge is tipiese tekens van 'n tradisionele Afrika-geloof.



Was Mandela 'n Christen? Uiteindelik is dit net die Here wat weet wat in sy hart geleef het, en ons weet dat die Here genadig en regverdig is.

Mandela deur die Christendom beïnvloed

Daar is egter nog meer. Soos vantevore vermeld, het Mandela as kind onderrig ontvang aan Metodiste-sendingskole. In sy outobiografie, *Long Walk to Freedom*, beskryf hy hoe die kerk 'n belangrike rol in sy jong lewe gespeel het.

Op die ouderdom van sewentien het Mandela be-

gin studeer by Clarkebury Institute, 'n Wesleyaanse hoërskool. Die skoolhoof was 'n sekere eerw. C. Harris, 'n man wat gerespekteer en geliefd was onder die Thembu-volk. Mandela het opgemerk: "As voorbeeld van iemand wat onselfsugtig toegewy is aan 'n goeie saak, was eerwaarde Harris 'n belangrike rolmodel vir my."⁴ Daarna, op negentien, het hy ingeskryf as student aan die Wesleyan College in Fort Beaufort. Die hoof van die skool was 'n Metodiste-teoloog genaamd dr. Arthur Wellington. In hierdie geval was Mandela se oordeel minder positief. Hy het die prinsipaal beskryf as "'n gesette en vervelige Engelsman wat gespog het oor sy verbinde met die Hertog van Wellington."⁵

"Die Metodiste-sendelinge het my geleer wat vergewing is."

Vanselfsprekend was nie alles wat Mandela by die Christelike skole ervaar het, positief nie, maar die Christelike opvoeding wat hy geniet het en die Christelike voorbeelde wat hy gesien het, het 'n diepgaande invloed op hom gehad. Wanneer mense hom later gevra het waarom hy nie wraak geneem het op sy voormalige vyande nadat hy uit die tronk gekom het nie, was sy antwoord: "Die Metodiste-sendelinge het my geleer wat vergewing is." Dink na oor daardie opmerking as agtergrond vir die vreedsame oordrag van mag in Suid-Afrika! Wat sou gebeur het as Mandela sy opvoeding aan 'n kommunistiese of Islamskool ontvang het?! Suid-Afrika sou vandag 'n ander plek gewees het.

God se voorsienigheid

Dit laat ons nadink oor God se voorsienigheid in die vreedsame oordrag van mag wat plaasgevind het in Suid-Afrika in die 1990's. Ek en my gesin het in daardie jare in Suid-Afrika gewoon en ek kan onthou hoedat baie blankes 'n bloedbad gevrees het. Daar was voorvalle van geweld, sekerlik, maar oor die algemeen was dit vreedsaam. Na die 1994-verkieping het Mandela president geword en baie mense was bang dat hy sy nuutverworwe magposisie sal gebruik om die land se blankes te onderdruk. Slegs toe Mandela die Suid-Afrikaanse rugbyspan tydens die Wêreldbeker van 1995 in die openbaar ondersteun het (dit was destyds nog steeds 'n oorwegend blanke span) het mense begin besef dat die man werklik vrede en versoening wil hê. Die oomblik toe Mandela die kaptein van die Springbokke, Francois Pienaar, hartlik gelukwens, was dit vir baie mense 'n simboliese en emosionele oomblik.



God se Woord leer ons dat die koning se hart in die hand van die Here is soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil (Spr. 21:1). 'n Treffende voorbeeld hiervan was Kores, die koning van Persië.

In Esra 1:1 lees ons dat “die HERE die gees van Kores, die koning van Persië, *opgewek* (het), dat hy 'n oproep deur sy hele koninkryk laat gaan het” om die Joodse bannelinge toe te laat om terug te keer na Jerusalem en Juda. Later in dieselfde boek het die Here “*die hart van die koning* van Assirië na hulle *omgewend*, om hul hande te versterk in die werk aan die huis van God, die God van Israel” (Esra 6:22, sien ook 7:27).

Die koning se hart is soos waterstrome in die hand van die Here.

Dit wat die Here in die dae van die Ou Testament gedoen het, kan Hy vandag nog steeds doen. Ons glo dat die Here die gebede van baie Christene, swart en blank, verhoor het en dat Hy die hart van Nelson Mandela *omgewend* het om vrede en versoening vir sy land na te streef nadat hy uit die tronk gekom het. Volgens die voorsienigheid van die Here het dit reeds 'n aanvang geneem tydens sy kindertyd. Mandela se ma was 'n lid van die Metodiste-kerk, en hy het al sy vroeë opvoeding aan Metodiste-skole en -kolleges ontvang. Hoewel hy later in sy lewe sosialisme omhels het en met kommunisme flanker het, het hy nietemin die invloed van die Metodiste-sendelinge op sy denke erken. Ongeag die vermenging van oortuigings in Mandela se denke en emosies het God hom steeds gebruik om sy mense (swart en blank) in Suid-Afrika van 'n bloedige rewolusie te bewaar. Terwyl die wêreld vir Mandela die krediet gee vir die vreedsame oordrag van mag in Suid-Afrika, dank en loof ons as Christene God dat Hy Mandela as 'n werktuig in sy hand gebruik het.

Wanneer ons terugkyk op die politieke ontwikkelings in Suid-Afrika tydens die 1990's, vind ons baie rede om God te loof. Hy het die gebede van sy volk verhoor. Hy het leiers voorsien aan albei kante van die politieke spektrum wat deur Christelike beginsels

beïnvloed is en dus in staat was om die land te stuur deur 'n moeilike proses van politieke magsoordrag. Daarvoor prys ons die Here. Mag Hy voortgaan om sy volk in Suid-Afrika te beskerm en te seën.

Ds Arjan de Visser, professor in Diakonologie aan die Canadian Reformed Theological Seminary in Hamilton, Ontario ajdevisser@crtcs.ca

(Eerder verskyn in *Clarion* van 17 Januarie 2014, vertaal deur Lize Kampman, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata)

(Voetnote)

- 1 *The Telegraph*, 11 Desember 2013. <http://blogs.telegraph.co.uk/news/peteroborne/100250173/of-course-nelson-mandela-wasnt-jesus-but-his-suffering-brought-him-closer-to-christ/>
- 2 Teks van toespraak beskikbaar op South African History Online. Sien <http://www.sahistory.org.za/article/speech-nelson-mandela-zionist-christian-church-easter-conference-0>
- 3 Verashni Pillay, “Mandela and the confessions of a closet Christian,” *Mail Et Guardian*, 13 Desember 2013.
- 4 Mandela, *Long Walk to Freedom*, 18.
- 5 Mandela, *ibid.*, 33

 **Hurter Spies** Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za



“ Be strong and of a good courage,
fear not, nor be afraid of them:
for the LORD thy God,
he it is that doth go with thee;
he will not fail thee,
nor forsake thee. ”

Deut. 31:6
(KJV)

Vrye Gereformeerde Gemeentes

Geagte Vroue
Re: Uitnodiging na die Vroue Konferensie

Ons groet julle almal in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Ons wil hierdie geleentheid gebruik om julle te nooi na die vroue konferensie wat op die 9de Augustus 2014 gehou sal word. Die ander besonderhede is soos volg:

Plek: Vrye Gereformeerde Kerk Soshanguve GG

Tyd: 09:00

Onderwerp: Wanneer ek angstig en ontmoedig is

Spreker: Mrs Tamane

Ingang: R50 pp

Kleredrag: Swart en wit (Maar jy is welkom om enige ander kleur te dra indien jy nie swart en wit besit nie)

Vir verdere inligting: Kontak gerus ons voorsitster Mev Mahlangu op 0733543225 of die tweede voorsitster Mev Matlaela op 0738255910.

Ons sien daarna uit om gesien te word deur jul teenwoordigheid.

In Christus,
Die Vroue Kommittee
Vrye Gereformeerde Kerke Soshanguve-Mamelodi

God is een wese en onderskeie in drie Persone (Art 8 NGB)

Blokkiesraaisel

Ons glo volgens hierdie * en hierdie Woord van God in 'n * God, een enige wese, in wie drie * is, naamlik die * en die * en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van * af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie. Die Vader is die *, oorsprong en * van alle * en onsigbare dinge. Die Seun is die *, die Wysheid en die * van die Vader. Die Heilige Gees is die ewige * en Mag wat van die Vader en die Seun *. Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie * is nie, aangesien die Heilige Skrif ons * dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie * het, deur sy eienskappe op so 'n wyse * dat hierdie drie Persone slegs * enige God is. Dit is dus * dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie * vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie * aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was * sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van * ewigheid af in een en dieselfde wese. Daar is nie 'n eerste of 'n * nie, want al drie is een in waarheid, mag, * en barmhartigheid.

L	W	P	E	E	E	B	K	R	A	V	E	E	S	S
O	O	E	E	I	W	R	K	A	A	S	R	O	O	E
N	O	O	R	D	A	R	I	K	Y	L	E	G	W	L
D	R	B	E	G	I	N	E	N	R	N	N	U	E	f
E	D	E	W	V	N	E	L	K	O	O	O	N	S	S
R	K	W	D	O	A	E	H	O	Y	S	S	N	I	T
S	I	I	E	I	E	D	I	R	S	L	R	A	G	A
K	L	G	G	R	E	T	E	E	A	A	E	A	B	N
E	E	H	L	S	E	H	U	R	I	A	P	G	A	D
I	D	E	D	A	E	N	D	G	G	S	W	T	R	I
N	I	I	L	L	E	E	E	E	E	T	E	I	E	G
O	U	D	E	E	S	D	L	E	O	E	E	U	O	H
O	D	D	E	E	E	Y	A	V	E	G	A	I	E	E
N	E	W	B	E	O	N	D	E	R	L	I	N	G	I
E	I	E	L	V	O	E	G	I	N	E	E	D	G	D

Hierdie blokkiesraaisel is geplaas met toestemming van die skrywer Hennie van Wyk. 'n Mens vind die blokkiesraaisel op sy webblad www.ssplus.co.za

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:

Douwe Drijfhout (eindredakteur)
Ds. Jelle Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Bladuitleg:

Ilze van Houwelingen

Taalversorging:

Magriet de Mooij

Webmeester:

Willemien Kleijn

Redaksieadres:

19de Laan 560,
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Kompas, Capitec Pretoria Jacaranda
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks asb. uitgemaak aan L. Ros.
Kontant/Tjekdeposito's: Laat weet
asb. die administrasie.
Onthou asb. om u lidnommer / Naam
& Van waar moontlik te gebruik by
betalings.

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R120
RSA per pos: R160
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Jaarliks betaalbaar voor/op 28 Feb. asb.

<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik
gekanselleer word. Kompas is nie
aan kopiereg onderhewig nie.

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- Ds P Abrahams:
Belhar Tel: 021 953 0940
pabrahams@webafrica.org.za
- Ds FJ Bijzet:
Kaapstad
fjbijzet.pr@gmail.com
- Ds PG Boon:
Pretoria-Maranata Tel: 012 332 1028
pgboon@vgkmaranata.org.za
- Ds JJ Drijfhout:
Pretoria Tel: 012 331 0568
jj.drijfhout@vgk.org.za
- Ds C Kleijn:
Johannesburg Tel: 011 679 1646
dskleijn@vgk.org.za
- Rev S Matlhokoane:
Mamelodi Tel: 072 900 8356
sam.matlhokoane@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- Ds DM Boersma:
Akasia, Pretoria Tel: 012 549 3668
dmboersma@vgkmaranata.org.za
- Rev MP Magagula:
Soshanguve F4 Tel: 012 798 1553
magagula@telkomsa.net
- Rev BA Matlaela:
Soshanguve XX Tel: 073 241 9963
thabo.matlaela@gmail.com
- Rev GF Mnisi:
Nelmapius Tel: 012 333 5602
gfmnisi@gmail.com
- Ds CA van Wyk
Leiden Tel: 021 905 3512
cvanwyk@webafrica.org.za

Beroepbare predikante:

- Ds E Viljoen
Tel: 021 919 9149
emyn04@gmail.com
- Ds Ph Kgatle
phineaskgatle@gmail.com
- Dr JA Breytenbach
Tel: 083 414 7053
hmbreytenbach@gmail.com